# Bybelvasvra: Liefde

### #Vraag 1:

Wat is die bekendste teksvers in die Bybel oor God se liefde?

**Antwoord:** Joh 3:16 “God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê”.

### #Vraag 2:

In 1 Kor 13:13 lees ons die volgende: “En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie… watter een van die drie is volgens die teksvers die grootste?

**Antwoord:** Die liefde

### #Vraag 3:

Hoe wil God hê dat ons Hom moet liefhê? (Matt 22:37)

**Antwoord:** Met ons hele hart, ons hele siel en ons hele verstand.

### #Vraag 4:

Hoe wil God hê dat ons ons naaste moet liefhê? (Matt 22:39)

**Antwoord:** Soos onsself

### #Vraag 5:

Watter Bybelboek gaan oor die liefde?

**Antwoord:** Hooglied

### #Vraag 6:

Noem drie maniere waarop liefde volgens 1 Kor 13 beskryf word… Liefde is…

**Antwoord:** geduldig; vriendelik; nie afgunstig nie; nie grootpraterig nie; nie verwaand nie

### #Vraag 7:

Voltooi die teksvers: Ons het lief omdat _______________________.

**Antwoord:** God ons eerste liefgehad het. (1 Joh 4:19)

### #Vraag 8:

Waar sê die Bybel kom liefde vandaan?

**Antwoord:** Van God af (1 Joh 4:7)

### #Vraag 9:

Wat is die grootste bewys van liefde volgens die Bybel?

**Antwoord:** Iemand wat sy lewe vir sy vriende aflê. (Joh 15:13)

### #Vraag 10:

Hoe sal mense weet dat ons Jesus se dissipels is?

**Antwoord:** As ons mekaar liefhet. (Joh 13:35)

### #Vraag 11:

Voltooi die volgende teksvers: "Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen _________ nie, het ek 'n klinkende ___________________, 'n galmende _______________ geword. 1 Kor 13:1

**Antwoord:** liefde; metaal; simbaal

### #Vraag 12:

Wat sê God doen Hy vir die wat Hom liefhet?

**Antwoord**: Hy laat alles ten goede meewerk vir hulle. (Rom 8:28)